

**KAAPSE  
CAPE**  
FORUM

# KAAPSE MANIFES

Plaas die *Kaap* se toekoms  
in *Kaapse* hande.

# A.

## **BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE VOORSITTER**

---

Die Kaapse Forum sal onder meer daarop fokus om gemeenskapselfstandigheid in Wes-Kaapse gemeenskappe te bevorder en groeiende federalisme in die provinsie en plaaslike gemeenskappe te help vestig.

Die Kaapse Forum wil met die vestiging van sterk, selfstandige gemeenskappe fokus op 'n selfhelp-ingesteldheid om onder meer armoede te help bekamp, gemeenskapsekonomieë uit te bou, veiligheid te verseker en goed funksionerende gemeenskappe daar te stel. Selfstandige gemeenskappe is die boustene om 'n gesonde demokratiese federale bestel van grondvlak af te vestig. Dié selfhelp-ingesteldheid word weerspieël in die Kaapse Forum se slagspreuk, naamlik “Plaas die Kaap se toekoms in Kaapse hande”.

*Heinrich Wynngaard*



# B.

## MANIFES

---

Ons as lede van die onderskeie Kaapse gemeenskappe wat hierdie manifes ondersteun, verbind ons daartoe om – met waardering vir ons ryke diversiteit en in 'n gees van samewerking en wedersydse erkenning en respek – te werk vir 'n beter toekoms vir al die gemeenskappe van die Wes-Kaap.

Die Wes-Kaap is 'n plek van samekoms, waar die Khoisan as oorspronklike inwoners en mense van regoor die wêreld wat oor eeue verinheems het, nou saam 'n unieke gemeenskap van diverse gemeenskappe vorm.

Ons is vasberade om nie toe te laat dat die menigte sake waaroor die inwoners van die Wes-Kaap mag verskil, ons verdeel nie. Juis daarom ondersteun ons die Kaapse Forum se werkswyse om in 'n gees van samehorigheid te fokus op ons gedeelde belange en doelwitte, asook die sake wat ons gemeenskappe saambind, terwyl verskille in 'n gees van verdraagsaamheid erken en gerespekteer word.

Saambestaan binne 'n diverse omgewing beteken dat ons elkeen in 'n gees van wedersydse erkenning en respek ruimte laat vir gemeenskappe om hulle eiesoortige kultuur- en geloofsgebruike in stand te hou en uit te bou, asook om hulle geskiedkundige gebeurtenisse te vier.

Ons onderskryf as gemeenskap van gemeenskappe die universele waardes van vryheid, gelykheid en geregtigheid vir almal. Om hoop te bring, sal ons horison wees.

# **1. TEEN HIERDIE AGTERGROND DOEN ONS VOORSPRAAK VIR:**

- die uitbouing van gemeenskapselstandigheid wat gemeenskappe in staat sal stel om self toenemend hulle toekoms in hulle eie hande te neem.
- groeiende federalisme wat gemeenskappe, munisipaliteite en die provinsiale regering se hande sal sterk om self beheer oor hulle toekoms te neem.
- die bevordering van alle Kaapse gemeenskappe se burger- en menseregte.
- die skep van ruimte vir alle gemeenskappe om ekonomies te floreer.
- die uitbouing van wedersydse erkenning en respek tussen gemeenskappe.
- die bevordering van 'n gesonde en veilige bestaan binne 'n geglobaliseerde omgewing.

# **2. DERHALWE VERKLAAR ONS HIERMEE:**

- dat ons deeglik bewus is van die Kaapse geskiedenis van vervreemding, konflik en verdeeldheid en dat ons daarom vasberade is om 'n toekoms te bou waar alle mense se waardigheid gerespekteer word.
- dat doelgerigte pogings aangewend moet word om die siklus van armoede en maatskaplike uitdagings aan te pak met selfdoenprojekte in gemeenskappe sonder om nuwe vorme van staatsgesanksioneerde benadeling te skep.
- dat die provinsie 'n tuiste vir sy inwoners is, waar hulle vry, veilig en voorspoedig kan leef op 'n basis van wedersydse erkenning en respek tussen gemeenskappe.
- dat gemeenskappe 'n verpligting het om onbehoorlike sentralistiese regeringsinmenging in die sake wat gemeenskappe direk raak, teen te staan.
- dat samewerking tussen gemeenskappe vooropgestel word.
- dat samewerking moontlik en noodsaaklik is in weerwil van verskeie partypolitieke affiliasies en ander verskille.

### **3. GROEIENDE GEMEENSKAPSELF- STANDIGHEID EN FEDERALISME**

Ons verbind ons deur hierdie Kaapse manifes daartoe om alles in ons vermoë te doen om die strewe na groeiende gemeenskapsselfstandigheid vir Kaapse gemeenskappe, in stedelike sowel as plattelandse gebiede, 'n werklikheid te maak.

Ons beywer ons daarvoor dat die Wes-Kaap as gemeenskap van gemeenskappe bemagtig word om self beheer oor hulle toekoms te neem deur die vestiging van groeiende federalisme, wat behels dat meer magte na gemeenskappe, munisipaliteite en die provinsiale regering afgewentel moet word. Ons sal ook toegewyd federalisme van onder af begin bou deur self beheer te neem oor ons gemeenskappe se toekoms.

In dié verband steun ons op die talle internasionale voorbeelde van federalisme as erkende staatsvorm en die relevante internasionale konvensies wat hiervoor geskep is.

Hiermee saam maak ons nie verskoning daarvoor dat ons ons beywer om binne 'n breër raamwerk in die besonder die belange en bemagtiging van minderheidsgemeenskappe te bevorder nie. In hierdie opsig beskou ons die historiese vervreemding van veral bruin gemeenskappe in die Wes-Kaap as 'n tragedie en verbind ons ons daartoe om hierdie vervreemding teen te werk.



## 4. FOKUSAREAS

Ons verbind ons hiermee daartoe om spesifiek en doelgerig op die volgende uitsette te fokus:

### *Groeiende federalisme*

Hierdie strewe kan vir die Wes-Kaap 'n werklikheid word slegs indien die meerderheid van die Wes-Kaap se inwoners dié gedagte steun. Die Kaapse Forum as inklusiewe Kaapse organisasie sal by uitstek gerat wees om te help verseker dat federalisme en groter provinsiale magte vir die Wes-Kaap die meerderheidsteun kry. Groeiende federalisme, waar magte na die provinsiale regering, munisipaliteite en gemeenskappe afgewentel word, terwyl gemeenskappe terselfdertyd van grondvlak af selfstandig hulle toekoms in hulle eie hande neem, sal dus die Kaapse Forum se kernveldtog wees. Ander Kaapse kwessies, soos die erkenning van gemeenskappe se kultuurregte, sal ook aandag geniet om die Kaapse Forum te vestig as die burgerlike organisasie van voorkeur vir die mense van die Wes-Kaap.

Die oogmerk van die Kaapse Forum, wat in 'n massabeweging in die Wes-Kaap ontwikkel sal word, moet wees om mense bymekaar te trek oor dit waaroor hulle saamstem en om verdraagsaamheid te bevorder ten opsigte van verskille wat mag bestaan. Daarom behoort die Kaapse Forum daarop te fokus om op praktiese vlak vir groter provinsiale magte te vra. Groter provinsiale en munisipale magte is 'n gemene deler van die verskillende groeperings wat verskillende vlakke van outonomie nastreef. Die organisasies wat vir volle onafhanklikheid werk, kan uiteraard met hulle werk voortgaan. Hulle sal egter ook ruimte moet laat vir die Kaapse Forum, wat nie op sesessie fokus nie, maar op brood-en-botterkwessies wat aan die verkryging van groter federale magte vir die Wes-Kaap gekoppel is. Wanneer daar verskille oor die eindpunt is, beteken dit nie dat mense oor die beginpunt (groeiende federalisme) hoef te verskil nie.

### *Voorgestelde veldtogte*

Die brood-en-botterkwessies bied op praktiese vlak moontlikhede om mense ten gunste van groeiende outonomie te mobiliseer. Dié kwessies gaan ter wille van fokus in twee fases aangepak word. Dit sluit onder meer die volgende in (met veiligheid as hoogste prioriteit):

## *(1) Veiligheid*

Die polisie se onvermoë om ernstige misdaad in die provinsie hok te slaan – bendegeweld, moorde, plaasaanvalle – het die kollig geplaas op die verswakkende uitwerking wat die ANC se sentralisering en kaderontplooing op veiligheidsdienste het. Navorsing moet gedoen word wat 'n padkaart na groter magte oor die polisie uitstippel. Die doel is dus om die polisie – onder plaaslike bestuur – beter toe te rus, op te lei en ondersteuning te bied sodat hulle beter in staat sal wees om hulle grondwetlike taak uit te voer.

As 'n eerste stap kan oorweeg word dat bestaande munisipale magte ten volle benut word om gemeenskapspolisiëringdienste te lewer. Daarna moet provinsiale beheer oor die polisie volg. Die uitbou en benutting van buurtwagte, wat binne die raamwerk van die wet 'n reuserol in gemeenskappe kan speel, moet prioriteit geniet.

## *(2) Belasting*

Sou die Wes-Kaap beheer verkry oor polisiëring of enige ander van die magte wat tans by die nasionale regering gesetel is, sal dit uiteraard tot 'n dramatiese verhoging in die provinsiale regering se uitgawes lei. Juis daarom moet groter provinsiale beheer oor die belasting wat Wes-Kaapse maatskappye en inwoners betaal, 'n sterk fokus van enige veldtog vir groeiende outonomie wees. Die voorlopige aanduidings is dat die Wes-Kaapse belastingbetalers tans ander provinsies subsidieer.

Die bedrae wat teruggehou sal word, sal in ooreenstemming wees met dit wat die nasionale regering aan die betrokke diens sou bestee het. Daar sal dus nie weggeneem word van nasionale projekte waartoe die provinsie bydra nie en geen ander provinsie of instelling sal deur hierdie benadering negatief beïnvloed word nie. Ons erken ons verbintenis tot die res van Suid-Afrika en eerbiedig steeds ons finansiële verantwoordelikheid tot nasionale kwessies.

### *(3) Behuising*

Behuising het die afgelope paar dekades toenemend 'n probleem geraak – enersyds oor die reeds bestaande agterstande, maar bepaald ook oor die groeiende bevolkingsgetalle wat meegebring word deur mense wat na die Wes-Kaap trek op soek na ekonomiese geleenthede. Dit het gelei tot die ontstaan van toenemende getalle informele nedersettings waar dienslewering nie tans moontlik of prakties haalbaar is nie. Dit terwyl duisende agterplaasbewoners reeds generasies lank wag op 'n eie woning. Geld vir behuising word deur die nasionale regering toegeken, en ook in dié opsig sal groter provinsiale en plaaslike beheer tot voordeel van groter outonomie dien.

Die toekenning van titelaktes vir behuising in ekologies verantwoordelike omgewings soos deur die plaaslike regering aangewys word, is een moontlike oplossing vir die groterwordende behuisingsprobleem.

### *(4) Energie*

Die onbetroubaarheid en ook onbekostigbaarheid van Eskom en die nasionale regering se onvermoë om die energiekrisis op te los, vereis dat die provinsiale regering, plaaslike regerings, maatskappye en privaat persone groter mag moet verkry om tot die elektrisiteitsnetwerk by te dra. Hierdie benadering sal dus druk op Eskom verlig sonder dat daar by die nasionale energieplan ingemeng word.

Die munisipaliteit van Stellenbosch was een van die eerstes in die Wes-Kaap wat hulself daartoe verbind het om vorentoe meer krag op 'n onafhanklike wyse te bekom eerder as om van die nasionale netwerk afhanklik te wees. Dié voorbeeld kan met vrug gevolg word.





## (5) *Water*

Die landwye waterkrisis, soos ook in die Wes-Kaap ervaar is, bevestig die noodsaak dat die provinsiale en plaaslike regerings ten volle bemaagtig moet word om beheer oor die Wes-Kaap se waterhulpbronne uit te oefen. Hiervolgens sal die instandhouding en uitbreiding van bestaande infrastruktuur en ook die vernuwing van infrastruktuur en tegnologie die fokus moet wees.

Eweneens, soos met kragvoorsiening, sal daar nie 'n negatiewe invloed op 'n nasionale waterplan wees nie. Die plaaslike instellings se bestuur sal slegs 'n plaaslike rapporteringslyn hê, waar fondse ook vir opgradering en opleiding gebruik sal word.

## (6) *Voedselsekuriteit: Grondsake, landbou en visserye*

Die nasionale Departement van Landbou en dié van Bosbou en Visserye se beheer oor die natuurhulpbronne van die Wes-Kaap moet aan die Wes-Kaapse regering oorgedra word. Talle tradisionele vissergemeenskappe wat al eeue lank die seehulpbronne van die Wes-Kaap ontgin, word tans ernstig benadeel deur die nasionale owerheid se beleidsrigtings wat nadelig vir die plaaslike gemeenskappe en die toerismebedryf in die Wes-Kaap is.

Die groterwordende vraag oor voedselsekuriteit en eienaarskap oor eiendom plaas ook druk op volhoubare oplossings in die landbougemeenskap, wat ook werksekerheid in gedrang bring. Hierdie onsekerhede moet aangespreek word, nie net om geregtigheid te laat geskied nie, maar ook vir groter besigheidsvertroue in die provinsie.

## (7) *Strafregstelsel*

Die krisis waarin die strafregstelsel tans is, vereis dat die provinsiale vervolgingsgesag onafhanklik van die nasionale vervolgingsgesag moet funksioneer. 'n Onafhanklike regbank moet in die Wes-Kaap gevestig word, en verordeninge in die provinsie moet ook groter erkenning geniet in die regstelsel.

## *(8) Onderwys*

Onderwys bly 'n kernverantwoordelikheid van sowel ouers as gemeenskappe. Daarom moet skoolbeheerliggame en die provinsiale owerheid meer beheer oor onderwys in dié provinsie hê. Dit is veral belangrik wat betref die sensitiewe kwessie van voorkeurtale by skole, waar histories Afrikaanse skole onder druk geplaas word om Engels-eentalig te word om kinders vanuit ander taalgemeenskappe te akkommodeer. Omgekeerd behoort daar ook meer voorsiening gemaak te word vir veeltaligheid en moedertaalonderrig sodat leerlinge in hulle huistaal onderrig kan word. Swak finansiële beplanning in onderwys is ook 'n faktor wat deur meer direkte bestuur beter bestuurbaar sal wees.

## *(9) Infrastruktuur: Openbare vervoer, hawens en spoornetwerk*

Die huidige uitdagings met infrastruktuur en die bestuur daarvan vereis dat die provinsiale en plaaslike regerings hierdie funksies in geheel van die nasionale regering moet oorneem. Week na week word die nuus oorheers deur die verval en vandalisering van, byvoorbeeld, die Kaapse spoornetwerk. Dit is nadelig vir pendelaars en vir die provinsie se handelsdoelwitte. Probleme by hawens striem ook die plaaslike ekonomie. Daarbenewens ly die toerismesektor onder negatiewe faktore wat openbare vervoer, hawens en spoornetwerke in die gesig staar.

## *(10) Gesondheid*

Met die huidige situasie by hospitale en klinieke waar die standaard reeds laag is, is verdere agteruitgang nie iets wat Wes-Kapenaars kan duld nie. Swak dienslewering en wanbestuur is nie net 'n las op belastingbetalers en die ekonomie nie, maar kos ook lewens. Die plaaslike bestuur van gesondheidsgeriewe sal uiteraard tot 'n dramatiese verhoging in die provinsiale regering se uitgawes lei. Juis daarom moet groter provinsiale beheer oor die belasting wat Wes-Kaapse maatskappye en inwoners betaal, 'n sterk fokus van enige veldtog vir groeiende outonomie wees.

## 5. OPROEP TOT AKSIE

Sluit **nou** aan by die Kaapse Forum!

Ons doen hiermee 'n beroep op almal wat gemeenskapselfstandigheid vir Wes-Kaapse gemeenskappe en groeiende federalisme steun, om 'n lid van die Kaapse Forum te word. Dit geld nie slegs vir inwoners van die provinsie nie, maar almal wat 'n belang by die vooruitgang van die Wes-Kaap en haar mense het. Die manifest is 'n dokument wat ons werksaamhede sal rig, maar altyd gemik op die skep van 'n Wes-Kaap wat 'n tuiste sal bied waarin al die Kaapse gemeenskappe blywend vry, veilig en voorspoedig kan leef in 'n gees van samewerking en wedersydse erkenning en respek.

## 6. KONTAKBESONDERHEDE

Telefoonnommer: **021 569 0113**

E-posadres: **navrae@kaapseforum.co.za**

Webtuiste: **www.kaapseforum.co.za**

Plaas die *Kaap* se toekoms  
in *Kaapse* hande.

